*Downloaded from Stanmorephysics.com*
***READ! READ! READ! & Answer questions***

***Sticks and Stones*** ***André Bester***

NA Mamma se dood het Pa besluit ek moet by ouma Rina-hulle in die Paarl gaan bly. "Sodat jy naby die beste skool in die land kan wees."

Pa kan nie sy praktyk op Ladismith net so laat staan en trek nie.

Ek gee nie juis om nie. Huis is nie meer huis nie. Dit is **grafstil** en ek was die afgelope tyd meestal alleen, want 'n dokter het nie vaste ure nie.

Twee dae nadat ek in die Paarl aangekom het, laai Oupa my op in sy wit Mercedes. "Dis tyd dat ek jou my **alma mater** gaan wys sê hy.

Ek verstaan nie mooi wat hy bedoel nie, tot ons uit die **ellelange** hoofstraat berg se kant toe draai.

Aan die grys-en-wit geboue en die massas enorme bome weerskante van die pad weet ek ons is by die skool. Oupa begin trots praat: "Hierdie klipgeboutjie hier regs was die saal toe ek nog hier op skool was." In die erge somerhitte staan die gebou koel en rustig onder die digte groen blare van die eikebome.

Oupa het nie nodig om iets te sê toe hy voor die groot ingangshek tot stilstand kom nie. My mond hang oop. By Ladismith se skool is daar net 'n gewone baksteenmuur en 'n draadhekkie. En bome is maar skaars.

Vanaf die twee groot ysterhekke strek die geteerde pad uit, met die mooiste laning eikebome wat ek nog ooit gesien het. Links lê die grys-en-wit skoolgebou rustig in die laatmiddaghitte. Regs is 'n graswal wat die geteerde inrit afrond. By die graswal is die somergroen krieketveld. En onder die eikebome is sementtafeltjies met sementbankies.

Ek steek outomaties my hand uit om die motordeur oop te maak. Oupa bly in die kar sit.

Links van die skool is 'n swart hekkie wat effens oopstaan. Die eerste ding wat my tref, is die **priemende** skril geluid van die sonbesies in die sweterige hitte.

'n Blou sportsak, met 0.15-RUGBY daarop gedruk, is skuins oor die trappie gedrapeer. My maag draai.

Dom en naïef is ek ook nie - selfs op Ladismith het ons geweet hoe groot die rugby en krieket in hierdie skool is.

Ek stap tot by die **ingangsportaal** na die skool. Ek draai om en kyk terug.

Voor my lê die uitgestrekte Paarlvallei. Die groen van die **wingerde** en die blou van die lug is net te veel vir een wat gewoond is aan grysbruin en stof.

Ek wens sy kon nou hier langs my staan. Ma. Dis sy wat die weggaan Paarl toe die eerste keer genoem het.

Dit was ná haar derde besoek aan die hospitaal. Ek het by haar op die bed in haar kamer gesit. Die glans in haar oë was nie meer daar nie. Die kuiltjies in haar wange het verdwyn.

Ek het haar hare gestreel terwyl sy vertel het hoe belangrik die skool in die Paarl is. "Die beste skool in die land." Toe ek uiteindelik opstaan, was daar van haar blonde hare in my hand.

Toe Pa na die begrafnis met my oor die weggaan praat, was ek voorbereid. Ek het geweet

*Downloaded from Stanmorephysics.com*
hy het nie juis erg aan my skoolsake nie - hy was altyd te besig en het nie, soos Ma, tyd gehad om aan my aandag te gee nie.

Toe ek terugstap kar toe, wag oupa Stefanus nog geduldig. Ek gaan staan langs hom en kyk na die skoolgebou.

"Dis mooi, Oupa, en so rustig. Ek dink ek sal gelukkig wees hier." Wat kan ek anders sê?

Hy sit sy arm om my skouers. "Ek is bly jy's by ons, Stefanus. Ek en Ouma is baie lief vir jou. Hier gaan jy baie oor die lewe leer. Ek het, en jou pa ook. Ons is trots op jou."

'n Paar dae later laai Oupa my in sy wit Mercedes voor die oop skoolhekke af. Ek het skaars twee tree in my blinknuwe swart skoene op die teerpaadjie geloop, toe klou 'n **pofhand** met stomp, geel vingers en afgebyte naels my aan die kraag.

Die hand lig my op tussen hemel en aarde, sleep my 'n ent en hou my op na jillende gesigte bo **gebleikte** blou streepbaadjies.

"Tune hom, Stones! Hierdie **nuwelinge** weet mos nie van respek vir ons nie," sê Sticks.

Dis wonderlik hoe 'n mens se brein weet wanneer om **af te skakel.** Ek registreer niks meer nie. En ek maak nie 'n geluid nie.

Skielik roep iemand gedemp: "Tjips!" Dis my redding. Binne 'n ommesientjie is daar nie 'n pofhand of 'n gebleikte streepbaadjie in sig nie. Voor my is 'n nuwe paar swart gepoleerde skoene.

"Is alles reg, ou seun? " Die stem is simpatiek. Hy hou sy hand na my uit, maar ek staan self op. "Die ander nuwelinge is in die saal. Stap saam met my, dan wys ek jou waar dit is." Op pad staan onbekende gesigte beleefd op en groet hom vriendelik. Hy ken elkeen se naam. Ek kyk net voor my.

Eers twee uur later, toe ons aan die personeel voorgestel word, sien ek weer die gesig. Meneer Basson, die Afrikaans-onderwyser.

Drie weke later en meneer Basson is baie dramaties aan die voorlees uit die ballade "Rietfontein" vir ons, die graad 8 As.

Ma het lank terug al vir my dié gedig voorgelees. Toe het dit my nogal bang gemaak. Dink Meneer nou rêrig ons gaan skrik of bang wees vir die **booswig** wat in die donker by Rietfontein se leidam rondsluip? Ons sien elke dag veel erger bloed en verraad in die flieks. Of hier by die skool. Veral agter Oupa se ou skoolsaaltjie, weg uit die openbare oog, as een van ons nuwelinge 'n les in tradisie leer.

Vanoggend voor skool het Stones, Sticks en hulle pêlle my weer rondgepluk. Ek kon nie eens by die toilet uitkom nie. Elke middag wil Ouma weet hoekom my klere so vol stofmerke is en watter gevaarlike speletjies ons dan speel dal my skoolbroek se kniekoppe soveel gaatjies het.

Een van die kere het Stones se rookstink pofhande my op my knieë afgedwing. Ek kon sy krag in my skouers voel inboor.

Ek het my verbeel ek hoor die histeriese gekoer van die bosduiwe in die boomtoppe. Sticks het my die heeltyd teen die oor geklap.

"Sticks se skoene is vuil. Lek hulle blink." Ek het vasgestaar in twee stofvaal, vuil skoenpunte. "Lek die skoene! Hierdie leer is dors."

*Downloaded from Stanmorephysics.com*
Die bitter smaak van rooi stof en ou skoenpolitoer het my mond laat saamtrek. Ek moet net nie naar word nie!

Meneer Basson se stem dreun deur die klas.

*"Vormlose skaduwees*
*Kruip oor die maan;*
*Bloed in die water*
*En bloed..."*

Die interkom kraak. Die sekretaresse se hoë stem sny deur die lug. "Ons wag nog op u **afwesiges,** meneer Basson. Stuur dit asseblief dadelik kantoor toe saam met 'n leerder."

Ek weet sommer Meneer gaan my stuur. Dankie tog, want ek wil juis so graag by die toilet uitkom
voor pouse.

Op pad terug klas toe, hardloop ek gou by die toilet in.

Hy staan voor die spieel. Ek vlieg om.

"Kom hier!" skree Stones.

Voor ek nog die badkamerdeur kan haal, is sy gespierde boarm om my en hy knel my lyf in 'n stywe **greep.** Hy stink na sigaretrook. Skielik voel dit of my kop ontplof. My regterwang gloei. Stones het my geklap.

*Bloed in die water*
*En bloed in die**...***
*Vormlose skaduwees*
*Kruip oor die maan ...*

My oë wil nie fokus ná die klap nie. Daar is iets in my hand.

Dis die sekretaresse se pen. Ek het vergeet om dit terug te gee. Sal dit sterk genoeg wees? Sy groot hand met die bruin onder die vuil naels gryp na my oë.

Ek steek met die pen. Stones gil en vloek en slaan wild na my, maar verslap sy greep.

*Bloed in die water*
*En bloed in die...*

Meneer is nie meer in die klas toe ek daar kom nie. Die klok lui. Ek kan skaars asemhaal. Toe eers sien ek die rooi bloed op my hemp.

Stones is deesdae nie meer 'n probleem nie. Net ék weet hoekom sy regterhand vir twee weke in dik verbande toegedraai was en hoekom hy nie in die interskole-krieketwedstryd kon speel nie. Ek weet ek is veilig. Stones sal nooit vir sy pêlle vertel dat ek daarvoor **verantwoordelik** was dat hy die belangrikste game van sy lewe misgeloop het nie

**Woordeboek**

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| **af te skakel** | - switch of |
| **afwesiges** | - absentees |
| **alma mater** | - the school you once |
| **booswig** | - thug |
| **ellelange** | - long-drawn |
| **gebleikte** | - bleached |
| **grafstil** | **-** deadly quiet |
| **greep** | - grip |
| **ingangsportaal** | - entrance hall |
| **nuwelinge** | - newcomers |
| **pofhand** | -pudgy hand |
| **priemende** | - piercing |
| **verantwoordelik** | - responsible |
| **wingerde** | - vineyards |

***Vrae***

1.1 Kies die regte antwoord.

1.1.1 Waar gaan Stefanus na sy ma se dood bly ? (plek)
- a. In die koshuis by die skool.
- b. By sy pa op Ladismith.
- c. By sy ouma en oupa in die Paarl.

1.1.2 Waarna verwys die titel van die verhaal *Sticks and Stones*?
- a. Na die twee wrede seuns wat die hoofkarakter, Stefanus, afknou en boelie.
- b. Na stoke en stene wat die boelies na Stefanus toe gooi.
- c. Na die skool waar Stefanus se oupa en sy pa skoolgegaan het en waarheen Stefanus nou gaan.

1.1.3 Wat is die naam van een van die boelies?
- a. Nuwelinge
- b. Stones
- c. Vriend

1.2 Noem enige drie dinge wat Sticks en Stones aan Stefanus gedoen het.

1.3 Wat het Stefanus aan die einde gedoen en homself teen Stones in die badkamer te beskerm?

1.4 Dink jy Stones gaan weer vir Stefanus boelie? Gee ‘n rede vir jou antwoord.

1.5 Het jy van ie storie gehou? Sê hoekom of hoekom nie.

*Downloaded from Stanmorephysics.com*


**Die reënboogkinders**

A staan vir Astrid, almal sal van haa hou.
B staan vir Buksie, klein maar sterk gebou.
C staan vir Colene, met sproete op haar neus.
D staan vir Damon, wat 'n visserman wil wees.
E staan vir Elsie, 'n krulkop-liefling
F staan vir Faisal, wat Kaapse moppies sing.
G staan vir Gerty, haar hoedjie is geruit.
H staan vir Heinrich, wat nes 'n lyster fluit.
I staan vir Ina, sy dra linte en sy dig.
J staan vir Johnny, hy skerm in die lug.
K staan vir Katrientjie, sy klim van tak tot tak.
L staan vir Lorenzo, wat lekker pizzas bak.
M staan vir Miriam, sy tel al in Hebreeus.
Na staan vir Nimrod, in sy drome jag hy leeus.
O staan vir Olga, haar oupa was 'n Rus.
P staan vir Pumlani, van die Pondolandse kus.
Q staan vir Queenie, fyntjies van gebaar.
R staan vir Ricardo, hy klits sy blikkitaar.
S staan vir Skankwas, wat in sy duine bly.
T staan vir Thandi, wat potte maak van klei.
U staan vir Ute, met wange appelrond.
V staan vir Vuzi, 'n ghoera voor sy Monday W staan vir Wena, sys peel so graag toneel.
X staan vir Xander, met sy strikdas van fluweel.
Y staan vir Yonti, 'n kolwertjie van faam.
Z staan vir Zubayda – en hier sê ons "Salaam"

**Vrae**

1 Watter kind is klein, maar sterk gebou?
2 Wat het Colene op haar neus ?
3 Wat sin Faisal ?
4 Wie gaan lekker pizzas bak ?
5 In watter taal kan Miriam al tel ?

Downloaded from Stanmorephysics.com

**READ! READ! READ!**

**Pula en die reën**

Pula se ouma het vir Pula baie van die natuur geleer: van die maan, die sterre, die diere, die plante en die reën. Sy het haar geleer dat 'n mens die natuur moet bewaar.

Haar ouma het altyd gesê: "Die mense kap te veel bome af vir brandhout. Hulle moet geleer word om bome te bewaar en altyd weer nuwe bome te plant."

Sy het ook vir Pula die geheim geleer om reën te maak. Toe haar ouma dood is, erf Pula die reënhoring waarmee haar ouma haar geleer het om reën te maak.

Na skool gaan Pula stad toe om werk te soek.

Sy kry gou 'n werk by 'n kwekery. Sy hou baie van haar werk, want sy werk met plante en bome. Van die geld wat sy verdien, stuur sy huis toe vir haar ma en pa. Sy spaar ook geld, want sy wil eendag universiteit toe gaan. Sy wil meer van bome en plante leer.

Op 'n dag klop 'n ou man aan haar deur. "Ek is jou ouma se vriend. Die mense van ons dorp het my gestuur om jou te kom haal. Jy moet asseblief kom help. Daar is 'n groot droogte. Al die diere en plante gaan dood. Ons weet jou ouma het jou geleer om reën te maak."

Pula onthou die ou man. Sy sê: "Goed, ek sal kom!"

De volgende dag gaan Pula en die ou man met die bus na die dorpie toe. Dis warm en stowwerig. Toe Pula daar kom, vat sy die reënhoring en doen alles wat haar ouma haar geleer het. Sy vra mooi vir reën.

Sy stap verby die plek waar al die bome afgekap is. Daar is net één boom oor. Sy kyk na die boom. Sy kry 'n plan. Sy sal dié boom se sade pluk en na haar werk in die stad vat. Sy sal die sade plant en nuwe bome laat groei.

Daardie aand toe sy slaap, begin dit reën. Dit reën die hele nag.

Die mense van die dorp is baie bly oor die reën. Pula ook. Sy wéét: die sade wat sy by die kwekery in die stad gaan plant, gaan nuwe bome word. Sy weet ook dat sy die jong bome gaan terugneem na haar mense toe. En dan gaan sy die mense leer hoe om bome te plant en te bewaar

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

**READ! READ! READ! & Answer Questions**

**Spotvoël verbeel hom hy is ‘n pou** ***Oorvertel deur Wendy Maartens***

Lank gelede het twee voëls nes gemaak in ’n groot boom net buite die koning se **paleistuin.** Hulle was spotvoëls. In dieselfde tuin het daar ’n pou-familie gewoon.

Nie lank nie of daar was drie klein spotvoëltjies wat gedurig honger was. Hul ma en pa kon nie voorbly om **muggies en wurms** na die nes toe aan te vlieg nie.

Sommer gou was die drie spotvoëltjies groot genoeg om oor die rand van die nes te loer. Die jongste twee kon nie wag om soos regte spotvoëls veld toe te vlieg, wurms te vang en dieregeluide na te aap nie.

Net die oudste kuiken was glad nie lus om ’n spotvoël te wees nie. Hy het heeldag gesit en kyk hoe hoe die poue in die paleistuin **pronk.** Dit was vir hom vreeslik mooi as hulle hul pragtige blou-en-groen vere met die sagte geruis van ’n groot **waaier** oopvou.

Hy het hom verkyk aan hoe die poue stadig op en af tussen die fonteine en roosbeddings stap. Net soos die koning self.

“Kyk, Ma!” roep hy gereeld uit. ‘‘Dis regte koningsvoëls. Selfs hul kuifies staan soos kroontjies. En kyk net hoe skitter hulle in die son. As ek eendag groot is, wil ek ’n pou wees!”

Dan skud sy ma maar net haar kop.

Maar wanneer sy pa by die huis kom, sê sy: “Jy moet met die kind praat. Hier gaan **moeilikheid** kom. Hy wil eendag ’n **pou** word. En waar het jy al gehoor van ’n **spotvoël** wat ’n pou geword het?”

Die eerste dag toe die oudste spotvoëltjie op sy eie uit die nes vlieg, **fladder** hy reguit fontein toe waar die poue weer in die sonlig staan en pronk.

“Bly eerder by ons!” roep sy broers en hulle maats. "Ons gaan veld toe om wurms te vang en die **lammetjies** te terg.”

“Gaan julle maar,” roep Spotvoël oor sy skouer. “Wie is nou lus vir sulke **vervelige** speletjies? Vandag gaan ek by my ware vriende, die poue, kuier.”

Al klink hy so dapper, is Spotvoël maar skrikkerig. Toe sy broers weg is, kruip hy eers in ’n vyeboom weg.

En raai wat sien hy? Die poue is sowaar besig om te **verveer!** Oral op die grond lê die pragtigste blinkblou vere in die son en skitter.

Spotvoël is so opgewonde dat hy amper agteroor uit die vyeboom val.

“Vandag is my kans! Vandag is my kans!” lag hy en gaan haal ’n paar **pouvere.**

Terug in die vyeboom plak hy dit een vir een aan sy eie vaal vere vas. Weer en weer vlieg hy om nog pouvere te gaan haal. Elke keer is sy jas van pouvere groter en deftiger.

Nie lank nie of Spotvoël pronk op en af langs ’n fontein om na sy eie **weerkaatsing** te kyk.

Downloaded from Stanmorephysics.com

"Nou is ek 'n regte pou in die koning se paleistuin," **spog** hy. "Wie wil nou wurms vang en lammetjies **terg** saam met daardie lawwe broers van my?"

Die poue het almal in die skaduwee geslaap en glad nie gesien wat Spotvoël aanvang nie.
"Haai !" roep een skielik hier langs hom terwyl hy met sy kraalogies na Spotvoël kyk. "Waar kom jy vandaan? "

"Ja, hoe kom jy hier?" wil 'n ander pou weet.

"En hoekom is jou nek so kort?" vra 'n volgende pou.

"En jou beentjies?" wil sy maat weet.

"En waar is jou **poukroontjie** soos ons s'n?" vra 'n groot pou en pik parmantig aan Spotvoel se stomp kuif.

Met die gestamp en gestoot begin die pouvere aan Spotvoël se lyf een vir een lostrek.

"Skelm! Dief! **Bedrieër!"** skree die poue nou almal saam. "Jy is nie een van ons nie. Jy hoort in die veld en nie in die paleistuin nie. Jy het ons vere gesteel!"

En hulle pik hom so hard dat nie net die pouvere nie, maar ook 'n klomp van sy eie vere in die fontein en die roosbedding agterbly.

Arme Spotvoël haal die vyeboom net betyds. Later, toe dit skemer word, fladder hy flou oor die paleismuur na die nes in die groot boom toe.

Sy ma smeer salf aan sy seerplekke en wil hom sonder aandete bed toe stuur, maar sy besluit dat hy reeds sy les geleer het.

Toe hy daardie nag nagmerries kry oor poue wat hom jag, staan sy op om hom te troos . Sy sê vir hom dat hy vir haa die mooiste spotvoëltjie onder die son is. "Jy het glad nie pouvere of 'n poukroon nodig nie, " sê sy.

En toe Spotvoël se broers hom die volgende oggend vra om saam veld toe te gaan, was hy tog bly om maar net himself te wees.

Wie wil nou 'n pou wees as jy soos 'n regte spotvoël kan veld toe gaan om wurms te vang en lammetjies te terg?

**Woordeboek**

| | |
|---|---|
| bedrieër | cheat, cheater |
| fladder | flutter |
| lammetjies | little lambs |
| moeilikheid | trouble |
| muggies en wurms | gnats and worms |
| paleistuin | palace garden |
| pou | peacock |
| poukroontjie | peacock's crown |
| pouvere | feathers of a peacock |
| pronk | show off, parade |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| waaier | fan |
| spog | boast / brag |
| spotvoël | mockingbird |
| terg | tease |
| verveer | shed / throw feathers |
| vervelige | boring |
| weerkatsing | reflection |

1.1 Kies die woorde uit die blokkie en skryf hulle in die regte kolom

| **Karakters** | **Ruimte (plek)** | **Tyd** |
|---|---|---|
| a. | a. | a. |
| b. | b. | b. |
| c. | c. | c. |
| | d. | |

Lank gelede     Fontein in paleistuin     Vandag     Spotvoël     Die poue     In die veld     Spotvoël se ouers en broers     Die koning se paleistuin     Die volgende oggend     ‘n Nes in ‘n groot boom

1.2 Rangskik die sinne wat die gebeure opsom in die regte volgorde.

a. Hy plak pouvere aan sy lyf vas.
b. Eers wil Spotvoël soos ‘n pou lyk.
c. Die volgende dag gaan hy saam met sy broers veld toe.
d. Die poue is kwaad. Hulle stamp en stoot en pik hom só dat die pouvere afval.
e. Aan die einde is hy bly dat hy ‘n spotvoël is.
f. Dié aand smeer sy ma salf aan sy seerplekke.

1.3 Spotvoëls en poue is albei voëls. Hulle het twee pote, twee vlerke en een nek. Hulle kan vlieg. Dit is hulle ooreenkomste. Maar hulle verskil ook baie. Skryf die frases in die regte
kolom.

Langer nek     langer bene     poukroontjie     vaal vere     stomp kuif     blou en groen vere     kort bene     kort nekkie.

| **Verskille** | |
|---|---|
| **Pou** | **Spotvoël** |
| a. | a. |
| b. | b. |
| c. | c. |
| d. | d. |

1.4 Sê in jou eie woorde wat die boodskap van die verhaal is.

Downloaded from Stanmorephysics.com

**READ! READ! READ!**

GRAAD 8 GEDIG: SPOOKTREIN uit AGRIKAANS SONDER GRENSE BL. 65

| | |
|---|---|
| **SPOOKTREIN** | **TITEL**: Die titel het 'n konnotatiewe(figuurlike) betekenis.<br>Die gedig is op 'n wolhaarstorie (urban legend) gebaseer. Dit verwys na n trein wat nie bestaan nie. Nie almal glo in spoke nie.<br>Samestelling van spook + trein = nuutskepping. |
| die trein gaan vertrek (a) | Die werkwoord "vertrek" dui op gereedheid en daar sal beweging volg. |
| bring jou bagasie (b) | Dit is 'n uitnodiging. Jy moet gereed wees want jy moet jou bagasie pak. Dit kan dalk 'n lang reis wees. |
| die trein staan gereed (c) | Die trein wag reeds op jou. |
| op Hoendervleisstasie (d | Hoendervleis=goosebumps. 'n Gevoel van bangheid word ervaar. Woordspeling.<br>Spook word vervang met hoendervleis om emosie van bangheid te beklemtoon. |
| die spookfluitjie blaas (e) | Die fluitjie waarsku jou dat die trein gereed is om te vertrek. |
| dit begin saggies reën (f) | Weersomstandighede word beskryf. |
| en die trein trek weg (g) | Die woord "en" dien as bindmiddel.<br>Die trein beweeg nou. |
| na nêrens heen (h) | Dit het geen destinasie nie. |

| |
|---|
| **HALFRYM** |
| ***ALLITERASIE:*** (ook stafrym) |
| Die herhaling van dieselfde konsonante in 'n versreël. |
| "***b***ring jou ***b***agasie"<br>"***n***a ***n***êrens heen" |
| ***ASSONANSIE:*** |
| Die herhaling van dieselfde vokaal in 'n versreël.<br>"en die trein tr***e***k w***e***g" |
| **Funksie van halfrym:**<br>Bind die versreëls en strofes tot eenheid. |
| **Rymskema : Geen vasterympatroon nie**<br><br>**Gebroke rym:** a b c d e f g h |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| |
|---|
| **ENJAMBEMENT** |
| Dit is wanneer een versreël sonder enige leestekens in die volgende versreël oorgaan. |
| • Dit maak die gedig vloeiend.<br>• Dit kan die tempo van 'n gedig vinniger of stadiger maak. |
| **Funksies van enjambement:** |
| • Dit verdoesel (versteek, versag) die rym.<br>• Dit bevorder vloeiendheid.<br>• Dit dien as bindmiddel tussen versreëls en tussen strofes. |
| **Metafoor** |
| Stel twee sake wat met mekaar verband hou, gelyk aan mekaar. |
| Die hele gedig is 'n metafoor. Die trein word met 'n spook vergelyk. Die trein kan bangmaak. |
| **Sintuiglike waarnemings:** |
| Sig= ons sien die trein |
| Gehoor= ons hoor die fluitjie blaas. |
| Tassintuig= ons kry hoendervleis. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**Read & Fill in the Prepositions in the blanks**

## VOORSETSELS

| AAN | Aantekeninge (notes) |
|---|---|
| 1. Ek dink ………… hom. | |
| 2. Ek is dankbaar ………. hom. | |
| 3. Die seun neem deel ………. sokker. | |
| 4. Die meisie is verslaaf ………. dwelms. | |
| 5.Ons skryf 'n brief ………. die pers. | |
| 6.Iemand klop ………. die deur. | |
| 7.Ons glo ………. God. | |
| 8.My broer is verloof …….. my maat se suster. | |
| 9.Die huis was ………… brand. | |
| 10.Baie mense ly ………. die virus. | |
| 11.Ons het ………. tafel gesit en eet. | |
| AGTER | |
| 1.Die dief is ………. tralies. | |
| 2.'n Meisie sit ……… my in die klas. | |
| BO | |
| 1.Die besoeker verkies koffie ………. tee. | |
| BY | |
| 1.Ons kuier ……… my ouma se huis. | |
| 2.Ons het …….. die huis gebly. | |
| IN | |
| 1.Hy stel belang ………. sport. | |
| 2.Hy is geïnteresseerd ………. sport. | |
| 3.Ons woon …………die stad. | |
| MET | |
| 1.Die gesin gaan ………. vakansie. | |
| 2. My broer trou …….. my maat se suster. | |
| 3.Hy wens my geluk ………. my sukses. | |
| 4.Ma was teleurgesteld ………. my gedrag. | |
| 5.Gooi om ………. die klip. | |
| NA | |
| 1.Hy aard ………. sy pa. | |
| 2.Hy verlang ………. sy ouers. | |
| 3.Die vrou soek ……….. haar sleutels. | |
| 4……….. skool gaan hy na sy ouma. | |
| 5.Ons luister ……….goeie musiek. | |
| OM | |
| 1.Die drenkeling het ….. hulp geskree. | |
| 2.Skool begin presies ………. agtuur. | |
| 3.Die winkel is ……. die hoek van die straat. | |
| 4. Sy doen aansoek ………. die vakante | |
| betrekking. | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| ONDER | |
| 1.Die rondloper slaap ………. die brug. | |
| 2.Die man is ………. verdenking vir die moord. | |
| 3.Die motoris het ………. die invloed van alkohol gery. | |
| OOR | |
| 1.Leerlinge kla ………. baie tuiswerk. | |
| 2.Die seun is skaam …….. sy gedrag. | |
| 3.Ouers is bekommerd ………. Hul kinders se vordering in skool. | |
| 4. Ons loop ………. die brug. | |
| 5.Sy het …….. dwelms gepraat. | |
| OP | |
| 1.My ouers is trots ……… my sukses. | |
| 2.My maat was jaloers ………. my sukses. | |
| 3.Hy is verlief ………. my maat se suster. | |
| 4.Die polisie het die inbreker ………. heterdaad betrap. | |
| 5. Ons is ………. pad skool toe. | |
| 6. Die leerlinge is nou ………. skool. | |
| 7.Hulle het die werk ……… hulle gemak gedoen. | |
| 8.Hulle woon ………. ‘n dorp. | |

| | |
|---|---|
| PER | |
| 1.Ons het ……….. motor/bus/trein/skip/ | |
| vliegtuig na ons bestemming gereis. | |
| 2. Sy het die koppie ………. Ongeluk gebreek. | |
| | |
| TE | |
| 1.Ek gaan ………. voet skool toe. | |
| 2.Die boer ry ……….. perd op sy plaas rond. | |
| | |
| TEEN | |
| 1.’n Prent hang ……….die muur. | |
| 2.Ek eet die kos ………. my sin. | |
| 3.Die motoris ry ………. ‘n hoë snelheid. | |
| | |
| TEN | |
| 1…….. spyte **van** die reën het hulle skool toe gegaan. | |
| 2.Ons is ……….gunste **van** tuiswerk. | |
| | |

Downloaded from Stanmorephysics.com

| | |
|---|---|
| TOT | |
| 1.Die moordenaar is ……… lewenslank | |
| tronkstraf gevonnis. | |
| 2.In Indië is die verkragters ………. die | |
| dood veroordeel. | |
| 3.……….. my verbasing het my ouers ‘n partytjie **vir** my gereël. | |
| 4.Hulle sal getroud bly ……….. die dood hulle skei. | |
| | |
| UIT | |
| 1.Leer dit ………. jou kop. | |
| 2.Sy loop **by** die deur ………. | |
| 3.Sy doen dit ………. afguns/jaloesie. | |
| | |
| VAN | |
| 1Ek hou ……… roomys. | |
| 2.Ek is ………. plan om verder te studeer | |
| 3.Sy huil ………. vreugde. | |
| 4.Die inbreker is beskuldig ……….. | |
| Inbraak , en is **tot** tien jaar tronkstraf gevonnis. | |
| | |
| VIR | |
| 1.Die man is lief ………. sy vrou. | |
| 2.My ouers was kwaad …….. my. | |
| 3.Die seun het ……….. die slang geskrik. | |
| 4.Ons was bang ………… die eksamens. | |
| 5.Een ………. een het ons **by** die deur uitgestap. | |
| | |
| VOOR | |
| 1.Sy kuier **by** haar ouma ………. sy skool toe kom. | |
| 2.Die blomtuin is ………. my huis. | |

READ! READ! READ! Study & complete table

Downloaded from Stanmorephysics.com

**MEERVOUDE**

KORT KLANKE a(d**a**m) **e**(p**e**n) **i**(g**i**f) **o**(b**o**s) **u**(st**u**k)
LANG KLANKE **aa**(pl**aa**s) **ee**(b**ee**n) **oo**(b**oo**m) **uu**(m**uu**r)
DUBBELKLANKE **oe**(b**oe**k) **eu**(d**eu**r) **ui**(h**ui**s) **ie(**r**ie**t)
KONSONANTE Die ander letters van die alphabet.

| **Woorde met 'n kort klank + 1 konsonant aan die einde.** | | **Woorde met 'n lang klank + 1 konsonant aan die einde.** | |
|---|---|---|---|
| | | | |
| t**a**k | tak**ke** | Vraag | vrae |
| m**a**n | | Sk**aa**p | sk**a**pe |
| h**e**k | | Kr**aal** | |
| m**e**s | | D**ee**l | |
| kl**i**p | | bakst**ee**n | |
| b**o**k | | R**oo**s | |
| k**o**p | | Sk**oo**l | |
| toneelst**u**k | | V**uu**r | |
| r**u**g | rûe/ | Sk**uu**r | |
| br**u**g | brûe/ | | |
| dag | dae | | |
| stad | stede | | |
| pad | paaie | | |
| skip | skepe | | |
| glas | glase | | |

| **Woorde wat eindig in dubbelklanke.** | | **Dubbelklanke in die middel** | |
|---|---|---|---|
| klou | klou**e** | | |
| vlei | | voet | voet**e** |
| | | huis | |
| **-ë** | | reus | |
| tree | tree | duin | |
| drie | | dier | |
| vlieg | | muskiet | |
| ploeg | | | |
| oog | | | |
| knie | | | |

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

| **Woorde wat op f eindig** | | **-te** | |
|---|---|---|---|
| br**ie**f | brie**we** | bruilof | bruilof**te** |
| d**ui**f | | vrag | |
| dr**ui**f | | Lig | |
| st**oo**f | sto**we** | vrug | |
| st**o**f | sto**wwe** | gesig | |
| s**i**f | | gewig | |
| str**a**f | | nag | |
| hof | | produk | |
| | | distrik | |
| | | Kis | |
| | | masjinis | |
| | | | |
| **-‘s** | | -se | |
| Ma | ma**’s** | sekretaris | sekretaris**se** |
| Pa | | betekenis | |
| taxi | | gebeurtenis | |
| foto | | bibliotekaris | |
| radio | | bekommernis | |
| skadu | | | |
| | | | |
| -**hede** | | **-ens** | |
| besig**heid** | besig**hede** | nooi | |
| moontlik**heid** | | hawe | nooi**ens** |
| moeilik**heid** | | lewe | |
| waar**heid** | | vrou | |
| besonder**heid** | | gevoel | |
| | | Wa | |

| -**s** | | **-ers** | |
|---|---|---|---|
| maat | maat**s** | kind | Kind**ers** |
| arm | | kalf | Kalf |
| vinger | | Lam | Kal**wers** |
| piering | | goed | goeters(things) |
| oom | | goed | goedere(goods) |
| | | | |
| | | | |

Downloaded from Stanmorephysics.com
**READ! READ! READ! Study given info & complete exercise on page 19**

***TYE***

Dit is noodsaaklik (baie belangrik) dat ons die reëls van die verskillende tye leer en dat ons hulle kan toepas (apply). As ons nie die reëls ken nie, gaan ons woordorde verkeerd wees en ons paragrawe swak.
As ons die reëls van die Teenwoordige Tyd, (Present Tense), die Verlede Tyd (Past Tense) en die Toekomende Tyd (Future Tense) goed verstaan, sal alles vir ons duideliker (clearer) en makliker (easier) word. Kom ons probeer!

---

1 Kom ons kyk hoe die gewone sin wat in die **Teenwoordige Tyd** is in die **Verlede en Toekomende Tyd** verander

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Jan slaap. | Jan het geslaap. | Jan sal slaap. |
| Susan drink water. | Susan het water gedrink. | Susan sal water drink. |
| Ek eet die appel. | Ek het die appel geëet. | Ek sal die appel eet. |

In die Verlede Tyd gebruik ons het na die **onderwerp** en ons sit 'n ge vooraan die werkwoord. Die werkwoord gaan aan die einde van die sin.
In die Toekomende Tyd, gebruik ons sal na die **onderwerp** en die werkwoord gaan aan die Einde van die sin

---

2 **Sinne met HET**

In die bogenoemde sinne het ons die woord **HET** saam met die **werkwoord** gebruik om die Verlede Tyd te vorm. In die volgende sinne word **HET** gebruik om aan te dui dat iemand iets besit.

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Ek het 'n rooi pen. | Ek het 'n rooi pen gehad. | Ek sal 'n rooi pen hê. |
| Ek het baie werk. | Ek het baie werk gehad. | Ek sal baie werk hê. |

3 **Sinne met IS**

In die Verlede Tyd verander die werkwoord **IS** na **WAS** en in die Toekomende Tyd word die werkwoord **SAL** ……………………………………**WEES.**

| **Teenwoordige Tyd** | **Verlede Tyd** | **Toekomende Tyd** |
|---|---|---|
| Ek is baie moeg. | Ek was baie moeg. | Ek sal baie moeg wees. |
| Ek is bly oor my nuwe fiets. | Ek was bly oor my nuwe fiets. | Ek sal bly oor my nuwe fiets wees. |

Downloaded from Stanmorephysics.com

**4 Sinne met werkwoorde met die prefiks :** be; ge ; her ; er ; ont ; ver

Die werkwoord kry nooit 'n **ge** in die Verlede Tyd

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Ek bedank die kelner. | Ekhet die kelner bedank. | Ek sal die kelner bedank. |
| Sy herken haar ou vriendin. | Sy het haar ou vriendin herken. | Sy sal haar ou vriendin herken. |

---

**5 Sinne met die hulpwerkwoorde met die prefiks :** kan, moet en wil

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Kan | kon | sal ……………kan |
| moet | moes | sal ……………moet |
| Wil | wou | sal ……………wil |

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Hy kan vinnig hardloop. | Hy kon vinnig hardloop. | Hy sal vinnig kan hardloop. |
| Jy moet jou tande borsel. | Jy moes jou tande borsel. | Jy sal jou tande moet borsel. |
| Ek wil die water drink. | Ek wou die water drink. | Ek sal die water wil drink. |

---

**6 Sinne met die werkwoord wat in die Teenwoordige Tyd uit twee dele bestaan.**

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Die man staan op. | Die man het opgestaan. | Die man sal opstaan. |
| Die dief hardloop weg. | Die dief het weggehardloop . | Die dief sal weghardloop. |
| Hy tel die papier op. | Hy het die papier opgetel. | Hy sal die papier optel. |

---

**7 Sinne met Twee Werkwoorde**

**Twee** werkwoorde in **EEN** sin. Twee werkwoorde maar een gedagte. Die tweede werkwoord kry **nie** 'n ge in die Verlede Tyd **nie**.

| Teenwoordige Tyd | Verlede Tyd | Toekomende Tyd |
|---|---|---|
| Sarie sê dat sy 'n koek bak. | Sarie het gesê dat sy 'n koek bak. | Sarie sal sê dat sy 'n koek bak. |
| Ek bak 'n koek en praat met my vriendin. | Ek het 'n koek gebak en met my vriendin gepraat. | Ek sal 'n koek baken met my vriendin praat. |

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

Skryf die volgende sin eers in die **Verlede Tyd** en daarna in die **Toekomende Tyd**.

1 Ons **swem** in die dam.
2 Hy **loop** na die dorp toe.
3 Sy **moet** die hemde **stryk**.
4 Koos **kan** die motor **was**.
5 Hy **is** baie jaloers.
6 Taryn **wil** die voëltjie **koop**.
7 Die gesin **geniet** die vakansie.
8 Andre **speel** met sy sussie.
9 Ouma **brei** ‘n trui.
10 Ek **doen** my tuiswerk.

1 Die baba **is** baie vaak.
2 Ons **moet** in die reën **loop**.
3 Sy **het** ‘n hoofpyn.
4 Arno **kan** sy taak **voltooi**.
5 Rina **het** ‘n nuwe motor.
6 Ek **beantwoord** die vrae.
7 Die seun **bestuur** sy pa se motor.
8 Sarie **is** in die moeilikheid.
9 Ek **is** baie bly**.**
10 Ons **skryf** eksamens in die saal.

1 Jannie **moet** in die bed **bly**.
2 Die dokter **gee** ‘n pil vir die pasiënt.
3 Die kinders **wil** huis toe **gaan**.
4 Ek **is** baie opgewonde.
5 Hy **wil** na die strand toe **gaan**.
6 Die verpleegster **is** kwaad vir die kind.
7 Die meisie **het** pragtige, rooi blomme.
8 Ons **hou** baie van skool.
9 Sy **kan** die vakansie **geniet**.
10 Hulle **moet** vinnig **ry**.

1 Ek **het** ‘n seer kop.
2 Hulle **het** baie werk.
3 Hoe laat **is** dit ?
4 Wat **sien** ek ?
5 Ek **spring** oor die klippe.
6 Ons **rus** elke dag.
7 Ek **lui** die klok.
8 Ek **stap** deur die veld.
9 Ek **sien** ‘n haas.
10 Ek **vang** ‘n volstruis.

1 Ek **hardloop** deur die bos.
2 Koos **klim** in die boom.
3 Die leeu **kyk** na my.
4 Ons **het** ‘n huisie in die bos.
5 Sy **het** ‘n groot geweer.
6 Jan **koop** ‘n sebra.
7 Die kameelperd **drink** water.
8 Ek **is** life vir die bosveld.
9 Jan **is** ‘n beroemde jagter.
10 Leeu **het** ‘n baie sagte stem.

1 Haas se kop **is** vol planne.
2 Leeu **is** baie dors en vaak.
3 Ek **moet** deur die veld **loop**.
4 Ons **wil** deur die bos **loop**.
5 Die leeui **kan** sy ore plat **trek**.
6 Leeu **is** baie gevaarlik**.**
7 Leeu **het** groot pote en ‘n groot kop.
8 Hy **kan** oor die klippe **spring**.
9 Andre **moet** die kameelperd **teken**.
10 ‘n Mens **moet** die waarskuwingstekens ken.

1 Ons **gebruik** ‘n goeie voertuig
2 Deon **vertel** die storie van die haas.
3 Hy **onthou** die naam van elke voël.
4 Die jagter **erken** sy fout.
5 Haas **gebruik** die heuning.
6 Sy **onthou** die ou maanhaar.
7 Die program **begin** om agtuur.
8 Koos **vertel** die storie van haas en skilpad.
9 Ons **onthou** die reëls in die park.
10 Sy **herken** die haas met die een oor.

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

**READ!   STUDY!  Complete Table**

**TRAPPE van VERGELYKING**

| STELLENDE TRAP | VERGROTENDE TRAP | OORTREFFENDE TRAP |
|---|---|---|
| | | |
| | **gewoonlik  +er** | **gewoonlik  +ste** |
| | | |
| **Kort Vokaal** | -er….. as | die …..-ste |
| dof | dowwer  as | dofste |
| laf | | |
| grof | | |
| glad | Gladder | |
| dik | Dicker | |
| mak | | |
| slim | | |
| dom | | |
| nat | | |
| vet | | |
| maklik | Makli**k**er | |
| moeilik | | |
| vreeslik | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Lang Vokaal** | | |
| doof | D**ow**er | |
| gaaf | | |
| skeef | | |
| laat | L**a**ter | |
| wreed | | |
| bleek | | |
| skoon | | |
| groot | | |

| | | |
|---|---|---|
| **Woorde wat eindig op r** | | |
| | | |
| ver | Ver**der** | |
| donker | | |
| dapper | | |
| duur | | |
| suur | | |
| maer | | |

*Downloaded from Stanmorephysics.com*

| **Lang Vokaal eindig op g** | | |
|---|---|---|
| laag | Laer | |
| leeg | Leer | |
| moeg | Moër | |
| vroeg | Vroeër | |
| hoog | Hoër | |
| droog | Droër | |
| **Kort Vokaal met g/k** | | |
| lig | lig**ter** | |
| sag | | |
| dig | | |
| sleg | | |
| geskik | | |
| **Lang Vokaal eindig op d** | | |
| breed | bre**ë**r as | |
| oud | ouer as | |
| koud | | |
| wyd | wyer | |
| kwaad | kw**ater** | |
| **S** | | |
| trots | trots**er** | trots**ste** |
| jaloers | | |
| vars | | |
| fris | fri**ss**er | frisste |
| dwaas | dw**a**ser | |

| | | |
|---|---|---|
| goed | beter as | die beste |
| min/bietjie/weinig | minder as | die minste |
| baie/veel | meer as | die meeste |
| lank | langer as | die langste |
| jonk | jonger as | die jongste |
| nuut | nuwer as | die nuutste |
| graag | liewer as | die graagste |
| dikwels | meermal as | meestal |
| naby | nader as | die naaste |

Woorde wat eindig in 'n –**e** kry gewoonlik **meer** en **mees**

| | | |
|---|---|---|
| opgewone | meer opgewonde | mees opgewonde |